

BELANGRIKE FEITE OOR DIE ONDERHOUDSWET



FEITEBLAD

Gender Research & Advocacy Project
LEGAL ASSISTANCE CENTRE
Windhoek, Namibia, 2008

Wat is onderhoud?

- Onderhoud is geld of goedere wat 'n persoon wetlik verplig is om te gee vir die basiese behoeftes van sy of haar afhanklikes.
- Onderhoud word gebruik om te betaal vir basiese lewens-behoeftes soos huur, water, elektrisiteit, kos, klere, vervoer, mediese uitgawes en skoolfooie. Onderhoud kan ook gebruik word om vir swangerskap en geboorte verwante uitgawes te betaal.
- Alle kinders is geregtig op onderhoud.
- Alle kinders is gelyk voor die wet.
- Beide ouers is verantwoordelik vir hulle kinders, al word die kinders deur iemand anders versorg.
- Die bedrag wat elke ouer moet betaal gaan afhang van hoeveel geld en eiendom elkeen besit, asook hoeveel geld elkeen maandeliks verdien.
- Die betaling van onderhoud moet vooropgestel word behalwe vir betalings wat deur die ouers gedoen moet word om hulself te onderhou.



Wat om te doen as die onderhoud nie betaal is nie

As jy die geld nie binne 10 dae na datum van betaling ontvang nie, moet jy na die Klerk van die Hof gaan. Die hof kan die geld direk van die verdediger se besoldiging verhaal of eiendom van die verdediger verkoop om die geld te kry wat hy/sy verskuldig is.

Wie kan aansoek doen vir onderhoud?

'n Ouer, die persoon wat na die kind omsien (byvoorbeeld die ouma) of enige ander persoon wat bekommerd is oor die kind se welsyn – byvoorbeeld 'n maatskaplike werker, dokter, verpleegster, onderwyser, tradisionele leier of kerkleier. 'n Kind kan ook self onderhoud van 'n ouer eis sonder die hulp van 'n volwassene.

Hoe lank moet 'n ouer onderhoud vir die kind betaal?

'n Onderhoudsbevel loop gewoonlik ten einde wanneer 'n kind selfstandig word en na hom/haarself kan omsien. Dis gewoonlik wanneer die kind die ouderdom van 18 bereik. As die kind egter trou of begin werk voor sy 18de verjaardag, word 'n onderhoudsbevel beëindig. As die kind universiteit toe gaan, sal onderhoud egter voortgaan.

Hoe om aansoek te doen vir onderhoud

Gaan na die Magistraatshof

- Die Klerk van die Hof sal jou help om die nodige vorms in te vul. Die hele proses is veronderstel om privaat te geskied en jy het nie 'n regsverteenvoerder nodig nie.

Vergadering met die Onderhoudsbeampte

- Beide ouers gaan gevra word om 'n informele vergadering met die onderhoudsbeampte by te woon om 'n ooreenkoms te bereik voordat die saak na die hof verwys word. Die meeste sake word gewoonlik op hierdie vergadering opgelos. Die onderhoudsbeampte gaan probeer om die ouers te help om 'n ooreenkoms te bereik. As die ouers nie ooreenkoms kan kom nie, moet die saak na 'n Magistraat verwys word.

Navraag deur die Magistraat

- As die Magistraat oor die saak moet besluit sal beide ouers op 'n ander dag terug hof toe moet gaan en hulle posisie aan hom of haar moet verduidelik.

Kom ons sit saam en bespreek elkeen van julle se inkomste en uitgawes. Dan sal julle moontlik instaat wees om op iets te besluit.



- Dis teen die wet om leuens aan die Magistraat of Onderhoudsbeampte te vertel en sodoende die proses vertraag.
- Dis teen die wet om die klaer te dreig of aan te rand.
- Dis teen die wet om 'n onderhoudsbevel te ignoreer of onderhoudsgeld te misbruik.
- Dis teen die wet as die Magistraat of die Onderhoudsbeampte enige besonderhede oor die spesifieke saak met iemand bespreek.

Vir meer inligting, raadpleeg gerus die Legal Assistance Centre's Gids tot die Onderhoudswet, 9 van 2003.

PDF (Acrobat) versions of LAC publications are posted on the LAC website: www.lac.org.na



Befondsing:
Franse Ambassade in Namibië
Legal Assistance Centre
P.O. Box 604, Windhoek, Namibia
Tel. 061-223356

